Graad 6 **Afrikaans Huistaal** **November 2023**

Vraestel 1 **Afdeling A** **Hardoplees**

Onderhoud: Onderhoud met Henning Joubert, die “skopmasjien”

1 Ons gaan vandag nie slegs probeer uitvind waaraan hierdie skopper se sukses toe te skryf is nie. Ons wil ook die persoon agter die “skopskoen” leer ken.

2 “Met jou op die veld, voel elke rugbyliefhebber gerus. Hulle het vertroue in jou. Waaraan skryf jy dit toe?

3 “Wel, elke rugbyspan moet ‘n goeie skopper hê. Ek is maar te dankbaar dat ek die voorreg het om vir die Springbokke te mag uitdraf. Dis uiters belangrik dat elke vervyfskop geslaagd moet wees. ‘n Skepskop kan jou span laat wen.”

4 “Ek neem aan jy moet selfdissipline aan die dag lê en elke dag hard oefen.”

5 “Beslis. Sonder selfdissipline sal jy dit nie ver bring nie. Oefen moet vir jou tweede natuur word.”

6 “Is dit nie ‘n opoffering vir jou om ure alleen op die rugbyveld deur te bring nie?”

7 “Beslis nie. Dit verskaf my soveel bevrediging om te sien as ‘n bal suiwer deur die pale trek. Dit laat my liefde vir skop groei. Op hierdie manier kan ek my talent ten volle ontwikkel. Daarom skryf ek al my sukses aan die Here toe. Hý het immers hierdie talent aan my gegee. Om die span te haal, is immers net ‘n bonus. Ek oefen immers nie net vir my en my span nie, maar ook vir Suid-Afrika.”

8 “Moet jy soms opofferinge maak?”

9 “My vriende het al verskeie aande gesellig om die vuur gestaan en vleisbraai, terwyl die een bal na die ander oor die pale trek. Dit voel vir ‘n mens soms of jy jou vriende afskeep. Maar dan sien jy weer die groter prentjie. Jy mág nie jou span en Suid-Afrika in die steek laat nie.”

10 Henning Joubert is beslis nie slegs ‘n goeie skopper nie, maar ook ‘n man met deursettingsvermoë. ‘n Man wat sy vriende en Suid-Afrika nie in die steek wil laat nie. Hy is beslis ook nederig en gee al die lof aan die Here.

Hardoplees: Onderhoud met Henning Joubert, die “skopmasjien”

Rubriek

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Volume, hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

Graad 6 **Afrikaans Huistaal** **November 2023**

Vraestel 1 **Afdeling B** **Luister en praat**

Koerantberig: Bokkoors loop hoog in Suid-Afrika

Pieter Naudé *MaroelaMedia*
27 Oktober 2023

1 Bokkoors het Suid-Afrika omtrent in sy greep.

2 Die spanning vir Saterdag se eindstryd tussen die Springbokke en die All Blacks loop hoog. Nie slegs is dit hierdie twee rugbyspanne wat hulle vir die wedstryd voorberei nie, maar elke rugby-aanhanger berei hom al voor vir ‘n oorwinning.

3 Die leerlinge van onderskeie skole het Vrydag nie hul skooluniforms aangetrek nie. Hierdie leerlinge het Springbok-hemde en -broeke aangetrek. Geen pa was te suinig om sy hand diep in sy sak te steek om sodoende vir sy kind rugbyklere te koop nie. Onderskeie rugbyspanne is reeds gedurende die week gekies om teen mekaar te speel. Nie net die seuns nie, maar ook die dogters het die bal op die middellyn geplaas, afgeskop, geskrum, die agterlyn laat loop en drieë gedruk.

4 By die Hoërskool Graslaagte is die skoollied nie aan die einde van die saalopening gesing nie. “AmaBokke” het vandag hulle skoollied vervang. Almal het op aandag gestaan en hierdie lied uit volle bors gesing.

5 In die inkopiesentrums het “Hier kom die Bokke”, “Vat hom Dawie” en nog vele ander rugbyliedjies die Bokkoors nog hoër laat loop. Rugby-ondersteuners het die groen-en-goud gedra. Die stoele van die koffiewinkels is met groen en goue linte gedrapeer. Groen en goue ballonne het uit die dakke van baie inkopiesentrums gehang.

6 Baie van die bedelaars by verkeersligte het hul vorige dag se geldjies nie vir kos gebruik nie. Hulle het eerder vir hulle ‘n pet met die Springbok-embleem daarop gaan koop. Met pet op die kop het hulle daar gestaan. Een van hulle het selfs tussen die stilstaande motors op en af gehardloop en “Hier kom die Bokke” uit volle bors gesing. Geen skaam haar op sy kop nie. Motoriste by rooi verkeersligte het vandag ook net groen note in die bedelaars se hande gestop.

7 Baie lede van die publiek is deur verslaggewers voorgekeer wat wou weet wie hulle dink môre die wedstryd sou wen. Natuurlik ‘n onnodige vraag om ‘n dag voor die eindstryd vir ‘n stoere ondersteuner van die Springbokke te vra.

8 Suid-Afrikaners sal altyd bekend wees vir hul rugby, biltong en braaivleis. Biltong wat môre die senuwees sal moet kalmeer en braaivleis waarmee die moontlike oorwinning gevier kan word.

Koerantberig: Bokkoors loop hoog in Suid-Afrika

1	**Wie is die verslaggewer van hierdie koerantberig?**	/1
2	**Luister na die opskrif. Waaroor reken jy sal hierdie luisterteks handel?**	/1
3	**Watter TWEE rugbyspanne sal môre vir die eindstryd uitdraf?**	/2
4	**Luister na paragrawe 3 en 4. Watter ooreenkoms word hier aangetref?**	/1
5	**Tot watter gevolgtrekking kom jy omdat die leerlinge van die Hoërskool Graslaagte "AmaBokke" in die plek van die skoollied gesing het?**	/1
6	**Noem slegs EEN *rugbyliedjie* waarvan hier melding gemaak word.**	/1
7	**Noem TWEE maniere waarop die bokkoors hoog in inkopiesentrums geloop het.**	/2
8	**Verskaf die rede waarom jy sou sê dat baie van die bedelaars 'n groot liefde vir rugby het en ondersteuners van die Springbokke is.**	/1
9	**Watter TWEE emosies word in paragraaf 8 genoem?**	/2
10	**Hoe hou die *inhoud* van hierdie koerantberig verband met die opskrif?**	/1
11	**Wat is die kerngedagte van die bostaande luisterteks?**	/1
12	**Luister na die inhoud van hierdie koerantberig. Waarom sou jy sê dat dit nie slegs op 'n groepie mense betrekking het nie?**	/1
	Totaal : 15	**/15**

Praat: Sport bring Suid-Afrikaners saam

Rubriek					
Inhoud, interessant en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Vloeiend praat, stemtoon en stembuiging:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid, oogkontak en gesigsuitdrukking:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

GROOTTOTAAL: 30÷2=15 **/15**

Graad 6	**Afrikaans Huistaal**	**November 2023**
Vraestel 2	**Afdeling A**	**Begriplees**

1 Boekresensie: Die swart monster
Ben Kruger

1 Hierdie boek hou met die werklikheid verband. Die werklikheid wat nie slegs ongeriefklik is en baie geld vir besighede kos nie, maar wat die mens emosioneel aftakel. Hoeveel besighede moes net nie al hul deure sluit en hul werknemers laat gaan nie? Dit het werkloosheid en verarming tot gevolg.

2 Lees ‘n mens van die verlies wat sommige besighede as gevolg van hierdie swart monster moet ly, voel jy saam met daardie mense. Dis juis hier waar een van hierdie besigheidsmanne sy nuwe lewe nie kon aanvaar nie. Nadat hy sy winkel weens hierdie swart monster moes sluit, het dit vir hom gevoel of sy lewe in duie stort. Dit het vir hom gevoel of sy lewe geen doel meer het nie. Ook kon hy nie toesien hoeveel van sy werknemers nie meer vir hul gesinne kos op die tafel kon sit nie. Hoeveel donker gedagtes maal net nie in hierdie mense se koppe nie? Hy was bevrees dat hulle iets onbesonne kon aanvang. Dis juis hierdie emosies wat hy ondervind het wat hom sover gedryf het om sy eie lewe te neem.

3 Nie slegs word die oorsaak en die tragiese dood van hierdie betrokke winkeleienaar deeglik beskryf nie, maar ook die haglike omstandighede waarin die werknemers wat hul werk verloor het, hulle tans bevind. Die sak mieliemeel is al langer en langer uitgerek. Porsies kos het al kleiner geword. Omstandighede wat kinders nie altyd verstaan nie.

4 Hier word dan ook melding gemaak van ‘n ryk sakeman wat in sy huis aangeval is. ‘n Deeglike beskrywing van die marteling wat hierdie man moes deurmaak, laat die leser weer eens besef hoe bevoorreg ons is om kos en geld te kan hê. Die leser verstaan nou ook beter waarom sommige inbrekers wel inbreek. Inbrake hou nie altyd met die onaanvaarbare gedrag van mense verband nie. Inbrake vind baie keer plaas net om te kan oorleef. ‘n Deeglike beskrywing van die gevolge wat hierdie daad vir die inbrekers inhou, laat die leser wonder of almal in tronke en selle hoort.

5 Die oorsaak van gebeure en die gevolge wat dit vir die samelewing inhou, word duidelik beskryf. Die emosies wat die onderskeie karakters ondervind, is lewensgetrou. Hierdie boek word hoog aanbeveel om te lees. Tydens die lees van hierdie boek sal die leser ‘n beter begrip vir die onaanvaarbare gedrag van sekere mense hê. Die gedrag wat veroorsaak word deur die swart monster.

1.1 Noem TWEE gevolge van hierdie “swart monster”. (2)
1.2 Watter emosies het die winkeleienaar in paragraaf 2 ervaar? (2)
1.3 Waarna dink jy verwys hierdie “swart monster”? (1)

Totaal: 5 **/5**

2 Kortverhaal: Eenkeer ‘n plaasseun, altyd ‘n plaasseun

1 Terwyl Karel op die stoep sit en die sonsondergang bewonder, herleef hy weer die aangename tye toe hy saam met sy pa geboer het. Dit was voordat ‘n massiewe hartaanval hom uit hulle lewens geruk het. Hy het gereeld saam met sy pa gegaan om die skaap in die kraal te jaag, skaap te skeer, kalwers te vang, perd te ry en voer vir die vee aan te ry.

2 Hendrik, sy broer, het nooit gehelp nie, aangesien hy ‘n koffiewinkel in Stellenbosch het. Hy het ook selde plaas toe gekom. Gewoonlik net met Kersfeeste. Sy liefde was beslis nie vir die plaaslewe nie. Hy het altyd vertel hoe hy dit geniet om met verskillende mense van verskillende kulture en met verskillende tale kennis te maak. Studente en vakansiegangers het sy koffiewinkel daagliks besoek. Die plaaslewe was vir hom te stil. Hy verkies die gejaagde lewe in Stellenbosch.

3 Toe breek 2020 aan. Hendrik se koffiewinkel is met die kettings van COVID-19 vir goed gesluit. Geen student of vakansieganger sou weer sy heerlike koffie kom geniet nie. Die aangename geselskap het vir ‘n doodse stilte plek gemaak. Hy sou nooit weer die voorreg hê om geld te gaan bank nie. ‘n Leë kasregister en leë tafeltjies is al wat in sy koffiewinkel oorgebly het. Sy enigste klante was die stilte en die vrees vir die toekoms. Hendrik het besef dat sy enigste uitweg die plaas is. Al was hy nie juis ‘n gebore boer nie. Hy het nie in sy wildste drome gedink dat hy ooit plaas toe sou kom nie. Gelukkig het Karel hom al telkemale gevra om op die ander plaas die boerdery waar te neem. Dit het hom minder skuldig laat voel om plaas toe te kom.

4 Terwyl Karel nog in die verte tuur, sien hy stofwolke op die grondpaadjie wat na die ou plaashuis lei. Hy wonder wie dit kan wees. ‘n Paar minute later gewaar hy sy broer se sportmotor. Min het hy geweet dat hierdie stofwolk sy broer huis toe bring. Hy was maar te bly dat sy broer op die ander plaas sou kom boer. Dit sou sy werk soveel vergemaklik.

5 ‘n Jaar later het Hendrik vir sy vriend in Stellenbosch gaan kuier. Terwyl hy by ‘n verkeerslig staan en die studente en vakansiegangers dophou, besef hy vir die eerste keer dat hy die plaaslewe nooit weer vir hierdie lewe sal verruil nie. Hy besef dat hy eintlik baie gelukkiger op die plaas is as wat hy ooit in die gejaagde lewe in Stellenbosch was. Hoe sê hulle? “Eenkeer ‘n plaasseun, altyd ‘n plaasseun.”

2.1 Lees paragraaf 1. Bespreek die ruimte. (1)
2.2 Word die chronologie van die verhaal in paragraaf 1 verbreek? Bespreek. (1)
2.3 Lees paragrawe 1 en 2. Hoe verskil die lewensuitkyk van Karel van díé van Hendrik? (2)
2.4 Wat was die oorsaak daarvan dat Hendrik plaas toe gekom het? (1)
2.5 Lees paragraaf 5. Tot watter gevolgtrekking kom jy? (1)

Totaal: 6 **/6**

3 Uittreksel: ‘n Pa weet altyd die beste

1 Paul en sy broer, Klaus, sit by hulle oorlede pa se lessenaar en wag vir die eksekuteur om die testament voor te lees. Nie een sê ‘n woord nie. Paul weet voor sy siel dat Klaus hoop om die familieplaas te erf. Hulle pa het net voor sy dood die plaashuis gemoderniseer. Paul weet dat sy broer se vrou nog altyd baie waarde aan aardse besittings geheg het. Sy sal beslis nie in die bouvallige huisie op die ander plaas wil gaan woon nie. Sy reken dat sy te *grand* is om daar te woon. ‘n Regte *snob*!

2 Paul sou graag ook die familieplaas wou erf. Maar om ander redes. Waar sy broer hoop dat hy die familieplaas sou erf net om sy vrou gelukkig te hou, sou Paul dit as ‘n voorreg beskou om op die familieplaas te bly. ‘n Nalatenskap van sy oupa nog. Sy pa het eers twee jaar gelede die ander plaas gekoop. Nogal kontant. Hierdie plaas is baie meer waterryk as die familieplaas.

3 Die eksekuteur maak sy opwagting. Hy gaan sit agter die lessenaar en maak die koevert met die testament daarin versigtig oop. Amper te stadig na Klaus se sin. “Kan die man tog nie maar die koevert vinniger oopmaak nie? Ek kan al die glinstering in my vrou se oë sien as my pa die familieplaas aan my bemaak het,” dink Klaus by homself.

4 Die volgende oomblik moes Paul hoor dat sy pa die familieplaas aan sy broer bemaak het. Dit het vir hom op daardie oomblik gevoel of sy pa meer vir sy broer omgegee het as vir hom. Waarom die familieplaas aan sy jonger broer bemaak? ‘n Vraag wat seker altyd onbeantwoord sal bly. “Is dit dan nie altyd die ouer broer wat die familieplaas erf nie?” prewel hy onderlangs.

5 Daardie aand het hy slegs in sy kos rondgekap. Eet was nou die laaste ding wat hy wou doen. Sy broer het dit dan vir sy oorlede pa duidelik gemaak dat hy geensins in boerdery belangstel nie. Hy het immers sy eie besigheid op die dorp. Hy stel in die besigheid en rekenaars belang. Hý was die een wat elke dag saam met sy pa in die veld was.

6 Die volgende oggend aan ontbyttafel wys Paul se vrou hom daarop dat hy nog altyd sy broer na ‘n paar jaar kon uitkoop. Eintlik het sy pa dit in gedagte gehou dat hy ‘n boer in murg en been was. Geen wonder hy het die waterryke plaas aan Paul bemaak nie. Om te dink hy kan binne ‘n paar jaar in besit van beide plase wees, maak Paul opgewonde en so dankbaar.

3.1 Hoe sluit die titel by die inhoud van paragraaf 6 aan? (1)
3.2 Oor watter onaanvaarbare karaktereienskap beskik Klaus se vrou? (1)
3.3 Watter emosie ervaar Klaus in paragraaf 3? (1)
3.4 Hoe verskil die *belangstelling* van Paul van díé van Klaus? (1)

Totaal: 4 **/4**

4 Inligtingsteks: Vrees en geluk

1 Die emosie van vrees kan in verskillende omstandighede sy kop uitsteek.

2 Sommige mense het ‘n vrees vir die donker. Veral as hulle alleen is. Dit voel vir hulle of die donker hulle versmoor. Hulle skrik vir die geringste geluid wat hulle buite hoor as hulle alleen by die huis is. Hulle sal nooit alleen in die nag na buite gaan nie. Vir hulle is dit of donkerte en gevaar hand aan hand gaan.

3 Pensionarisse en arm mense vrees die toekoms. Met die voedselpryse wat die hoogte inskiet, weet hulle nie hoe hulle gaan oorleef nie. Dis of die hoë lewenskoste hulle elke maand wil versmoor. Hulle weet nie of hulle teen die einde van die maand genoeg geld sal hê om kos op die tafel te sit nie.

4 Die bevolking, ryk én arm, vrees vir die toekoms van ons land. Gaan hulle kinders eendag ‘n werk hê? Is hulle eie werk nie dalk in gedrang nie? Gaan daar oor tien jaar genoeg werksgeleenthede in Suid-Afrika wees? Boere vrees vir hul lewens. Hulle vrees dat hulle die volgende slagoffer van ‘n plaasaanval mag wees.

5 Kinders wat by die skool geboelie word, leef gedurig in vrees. Vir hulle is dit ‘n straf as pouse aanbreek. Hulle kan fisiek of emosioneel geboelie word. Emosionele boeliery kan soms wonde laat wat nie genees kan word nie. Kinders kan ook emosioneel deur onderwysers geboelie word.

6 Hoeveel kinders is net nie bang om hul rapport huis toe te bring nie? Sommige ouers het sulke hoë verwagtinge van hul kinders dat hulle nooit tevrede met die kind se punte is nie. Al het die kind sy of haar beste gelewer. Hoeveel ouers wil net nie hê dat hulle kinders op sportgebied moet uitblink nie? Hulle leef gedurig in vrees dat hulle hul ouers mag teleurstel.

7 ‘n Mens kan tydens verskeie geleenthede geluk beleef. Ouers se beker van geluk loop oor by die geboorte van hul kind. Hier gaan geluk gepaard met dankbaarheid.

8 Geluk kan ook met trane gepaard gaan. Sou jy met ‘n goue medalje van die Olimpiese Spele huis toe kom, sal trane van blydskap en dankbaarheid vrylik oor jou wange vloei. Dankbaarheid dat jy die medalje ontvang het en dankbaarheid teenoor jou Here vir die talent wat Hy jou gegee het.

4.1 Watter emosie sal jou pa ervaar indien hy bevordering in sy werk sou kry? (1)

4.2 Verskaf die rede waarom jy sou sê dat die inhoud van paragraaf 3 geloofwaardig is. (1)

4.3 Waarom sou jy sê dat die bostaande inligting nie bevraagteken kan word nie? (1)

4.4 Hoe hou die <u>opskrif</u> en die <u>inhoud</u> verband met mekaar? (1)

Totaal: 4 ***/4***

5 <u>Poësie</u>

5.1 Dui die <u>rympatroon</u> aan in die onderstaande strofe van "Die duiwelby".

Die koddigste gogga in die wêreld
is werklikwaar die duiwelby.
Hy vlieg kardoeps 'n byenes binne
En vreet daar alles wat hy kry. *C. Louis Leipoldt* (1)

5.2 Onderstreep die versreël in die onderstaande strofe van "Twee nessies" waar ons <u>alliterasie</u> aantref. Dui dan die <u>allitererende</u> woorde aan.

Liewe ou voëltjie, kom tog na my,
die wind waai daar buite so koud.
As jy maar net by my wil kom bly
gee ek jou 'n koutjie van goud. *Henriette Pienaar* (1)

5.3 Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in die onderstaande versreëls uit "Warrelwind"aan?

Windjie wat so vinnig swaai,
aldeur in die rondte draai,
ag, wat wals jy mooi! *Theo Wassenaar* (1)

5.4 Dui die woord in die onderstaande strofe van "Die houtryer in die maan" aan waar ons <u>klanknabootsing</u> aantref.

Kardoeps! Daar stamp hy teen die maan
en binne-in is hy!
Met volle-maan kan jy ook sien
die man wat houtkar ry! *Helena J.F. Lochner* (1)

5.5 Dui die TWEE versreëls in die onderstaande strofe van "Rooi-aas" aan waar ons die <u>enjambement</u> aantref.

En op die rots is ék die man
wat aas aan Pa se hoek moet hang.
Ouboet-hul hou hul ongemerk,
ek is die een wat swoeg en werk. *S.E. Fraser* (1)

5.6 Waarmee word die reëndruppels in die onderstaande versreëls uit "Reën" <u>vergelyk</u>?

Skielik die eerste druppels soos 'n swerm bye –

Dan sag-sag sanik, aanhoudend … dan swye. *W.E.G. Louw* (1)

Totaal: 6 **/6**

GROOTTOTAAL: 25 **/25**

Graad 6 **Afrikaans Huistaal** **November 2023**

Vraestel 2 **Afdeling B** **Taal**

Beskrywende teks: Tannie Hes Bolla

1 Haar regte naam is nie tannie Hes nie. Haar regte naam is tannie Hester. Niemand noem haar tannie Hester nie. Almal noem haar tannie Hes Bolla. Haar hare is lank. Gevolglik bind sy hierdie lang, grys hare in ‘n bolla agter haar kop vas.

2 Sy is seker die norsste vrou wat in ons dorp woon. Sy vind fout met alles en almal. Lag bestaan nie in haar woordeskat nie. Dis ‘n vreemde woord vir haar. Blykbaar dink tannie Hes Bolla dis normaal om nooit te lag nie. Dit gaan natuurlik my verstand te bowe dat iemand nooit wil lag nie. Lag en humor hou ‘n mens immers jonk.

3 Vriendelikheid is nie juis een van haar talente nie. So ook nie geduld nie. Speel ons kinders in die parkie voor haar huis, jaag sy ons weg. Kompleet of die parkie aan haar behoort. Ons kinders is maar skrikkerig vir haar. As ons nie dadelik gaan nie, kom sy met haar kierie uit en verwilder ons.

4 Sit ‘n mens agter haar in die kerk, is die versoeking baie groot om haar bolla los te maak. Maar nou ja, my ouers het my geleer om ouer mense te respekteer. Net jammer sy respekteer nie ook ons kinders nie.

5 Die plooie op haar voorkop loop soos nasionale paaie van links na regs. Kyk ‘n mens na haar hande, kan jy sien dat sy nie skaam is om te werk nie. Die vlekke op haar hande is duidelik sigbaar. Haar hande is grof en nie sag soos dié van ‘n vrou nie. Natuurlik van al die werk in die tuin. Sy spit nie die onkruid met ‘n graaf uit nie, maar trek dit met haar hande uit.

6 Ons vermy haar sover ons kan. Groet jy haar vriendelik, knik sy net haar kop en prewel iets. Sy kyk jou net aan met ‘n frons tussen haar oë. Ek het al gewonder of “Tannie Frons” nie ‘n beter beskrywing vir haar sou wees nie.

7 Om te kla, verskaf haar baie plesier. Dis al tweede natuur by haar. Vra jy haar hoe dit met haar gaan, sal sy altyd sê: “Jy weet mos dat die lewe my stief behandel.”

8 My vriend sê: “Ek dink ons moet haar liewer net ignoreer.”

9 Sal die dorp dieselfde sonder tannie Hes Bolla wees? Ek dink nie so nie. Wie gaan dan oor almal en alles kla? 29 30

10 Tog spandeer sy baie tyd aan haar katte. Sy versorg hulle baie goed. Sy koop elke week katpille. Sy gee haar liefde aan hulle wat sy van ons weerhou. 31 32

Beskrywende teks: Tannie Hes Bolla

1 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 1. (1)
2 Skryf die besitlike voornaamwoord in reël 3 neer. (1)
3 Skryf die aanwysende voornaamwoord in reël 3 neer. (1)
4 Vorm 'n afgeleide persoonsnaam van die onderstreepte woord in reël 3. (1)
5 Skryf die byvoeglike bepaling van die onderwerp in reël 5 neer. (1)
6 Skryf die onderstreepte sin in reëls 5 en 6 in die ontkennende vorm. (1)
7 Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 6 neer. (1)
8 Wat beteken die idiomatiese uitdrukking in die onderstreepte sin in reëls 7 en 8? (1)
9 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 9 neer. (1)
10 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 9. (1)
11 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in die onderstreepte sin in reël 10 neer. (1)
12 Skryf die bywoordelike sinsnede van plek in reël 11 neer. (1)
13 Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 11. (1)
14 Skryf die onderstreepte sin in reël 12 oor in die toekomende tyd. (1)
15 Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reël 12 neer. (1)
16 Skryf die soortnaamwoord in reël 13 neer. (1)
17 Skryf die bywoord in reël 13 neer. (1)
18 Skryf die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 14 neer. (1)
19 Skryf die gesegde in reël 15 neer. (1)
20 Skryf die onderstreepte sin in reël 16 oor in die lydende vorm. (1)
21 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 19. (1)
22 Skryf die persoonlike voornaamwoord in die onderstreepte sin in reëls 20 en 21 neer. (1)
23 Skryf die onderstreepte sin in reël 22 oor in die verlede tyd. (1)
24 Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 24. (1)
25 Skryf die onderstreepte sin in reël 25 oor as 'n vraagsin. (1)
26 Skryf reël 28 oor in die indirekte rede. (1)
27 Skryf die voorwerp in die onderstreepte sin in reëls 31 en 32 neer. (1)
28 Skryf die saamgestelde woord in reël 32 neer. (1)
29 Dui die hoofwerkwoord in die onderstaande sin aan.

Sy spandeer baie tyd aan haar katte. (1)

30 Verbind die onderstaande sinne met mekaar deur van die voegwoord tussen hakies gebruik te maak.

Niemand hou van tannie Hes nie. Tannie Hes is onvriendelik. (aangesien) (1)

Totaal: 30÷2=15 **/15**

Graad 6 **Afrikaans Huistaal** **November 2023**

Vraestel 3 **Skryf**

Skryf 'n verhalende opstel van 140–150 woorde oor EEN van die volgende.

Woorde-moord wat letsels gelaat het. / Ons vliegtuig word gekaap. / Ek dien my vonnis uit.

Rubriek

Inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Emosies, gebeure, chronologie en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Karakteropenbaring en -ontwikkeling:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

OF

Skryf 'n beskrywende opstel van 140–150 woorde oor EEN van die volgende.

Die drie susters. / Armoede. / Hoogmoed. / Die wrak. / Seelewe. / Die gejaagde stadslewe.

Rubriek

Inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Inleidende en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, beskrywende woorde en stemming:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

EN

Skryf 'n vriendskaplike brief van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.

Vertel jou vriend hoe jy in die moeilikheid beland het en watter gevolge dit vir jou ingehou het. / Rig 'n brief aan jou oupa en ouma. Vertel hulle meer van jou eerste maand in die koshuis.

Rubriek

Inhoud, interessant, taalgebruik en aanspreekvorm:	1	2	3	4	5
Formaat, gebeure en chronologie:	1	2	3	4	5

Skryf 'n dagboekinskrywing van 100–120 woorde oor EEN van die volgende.

Jy is 'n straatkind / 'n boemelaar. Teken vir 'n maand aan hoe jy elke dag ervaar en hoe die publiek jou hanteer.

Rubriek

Inhoud, interessant en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Emosies, gebeure en formaat:	1	2	3	4	5

GROOTTOTAAL: 30 **/30**